

28 Julie

1 Samuel 3:1-10

(Teks: 3:1a en 7)

Ken God, en dien Hom dan

Die seun Samuel het die Here *gedien* onder toesig van Eli, sonder om die Here te ken. Samuel het dus al die regte dinge gedoen, sonder om te begryp waarmee hy besig is.

In ons eie lewens gebeur dit ook maklik dat ons so optree. Wanneer ek van die predikant hou, woon ek die eredienste gereeld by. As my ouers my onder die oog het, berei ek my katkisasie goed voor. So dien ek ook die Here onder leiding van iemand. Maar wanneer ons "Eli" nie meer daar is nie, gaan dit met ons soos met die mense in Josua se tyd. So lank as Josua geleef het, het die volk die Here gedien, maar die volgende geslag het die Here nie geken nie (Jos 2:7-10).

Ons kan dus op 'n manier *deur mense heen* vir God dien. Die keerpunt in Samuel se lewe het egter gekom toe die Here self met Samuel gepraat het en hy Hom persoonlik leer ken het. Die keerpunt in ons eie lewens kom wanneer God deur sy Woord en Gees persoonlik met ons praat en ons *deur Jesus Christus* in 'n lewende verhouding met God kom staan. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.

Sing Psalm 2:6

Ds. P.C. van der Walt (Colesberg)